Les 12

**12 tot 18 Desember*

Sabbat: Ervaar en leef God se karakter

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Gen. 1, 2; Eks. 16:14–29; Jes. 58:1–14; Matt. 12:1–13; Luk. 13:10–17.

Geheueteks:
"En Hy sê vir hulle: 'Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat'" *(Markus 2:27, 28).*

Jodie was die enigste Sewendedag-Adventis in haar universiteitsklas, en haar keuse om nie sosiale byeenkomste op Sabbatte by te woon nie het haar geloofsoortuigings baie sigbaar gemaak. Op 'n dag bel 'n vriendin, Gayle, haar. Gayle se man sou vir die volgende ses weke uitstedig wees. Sy vra of Jodie die volgende ses weke elke Vrydagaand by haar wil kom oorbly, aangesien sy weet dat Jodie in elk geval Vrydagaande "niks doen nie".

Vir die volgende vier Vrydagaande het hulle saam geëet, musiek gespeel en hulle Christelike ervarings met mekaar gedeel. Hulle het mekaar se geselskap geniet. Die vyfde week vertel Gayle vir Jodie dat toe sy laatmiddag besig was met inkopies in die stad, het sy na haar horlosie gekyk. O goed, het sy gedink. Dis amper Sabbat. Meteens het Gayle besef dat sy oor die afgelope vier Vrydagaande iets nuuts in haar geestelike lewe ervaar het. Sy het gegroei, meer oor God geleer, en haar geloof het verdiep. Die Sabbat was 'n geleentheid vir leer en persoonlike ontwikkeling. Dis 'n interessante verhaal oor hoe ons oor die Sabbat kan dink, nie slegs as 'n rusdag nie, maar inderdaad ook as 'n wyse van opvoeding.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 19 Desember.*

Sondag

13 Desember

Wees verwonderd

Het jy al ooit gewonder waarom God gekies het om twee eensgesinde weergawes van die skepping in die eerste twee hoofstukke van Genesis aan ons te gee? Genesis 1 vertel van die skeppingsweek en wonderlike groei van lewe en lewensvorme op die aarde. Dit bereik 'n hoogtepunt met die skepping van die man en vrou op die sesde dag. Genesis 2 kyk na dieselfde gegewe, maar vanuit 'n ander perspektief, en met 'n groter fokus op die sesde dag. Adam staan nou sentraal in die prentjie, en alles daar word beskryf asof dit vir hom en die vrou is: die tuin, die riviere, die diere, en, natuurlik, die vrou. Die skepping is te diepgaande vir slegs 'n enkele weergawe. Eerstens leer ons oor die magtige, kunstige Skepper wat 'n oog vir volmaakte skoonheid het. Hierna maak ons kennis met die God van verhoudinge, wat begeer dat die mensdom mekaar liefhet en mekaar versorg, net soos vir die res van die skepping ook.

Lees Genesis 1 en 2 en dink dan daaroor hoe die eerste Sabbat *(Gen. 2:1–3)* terugverbind kan word met die eerste weergawe van die skepping, en hoe dit vooruit verbind word met die tweede weergawe van die skepping. Tot watter gevolgtrekking kom jy om te begryp wat dit beteken dat God die Sabbat geseën en geheilig het?

Stel jouself in die plek van Adam en Eva op daardie eerste Sabbat. Dis jou heel eerste dag van lewe, jou eerste dag met jou gade, en jou eerste dag met God. Wat 'n dag van opvoeding! Jy begin om te leer van die God wat sulke skoonheid kon skep. Jy verlustig jou daarin om 'n olifant te sien, en die volgende oomblik 'n padda, almal uniek op hulle eie manier. Jy glimlag as jy sien hoe die kameelperde en buffels speel. Jy staan verstom oor die magdom kleure en vorme, almal omvou in 'n simfonie van klank; jy verheug jou in die verskeidenheid smake en reuke, en verwonder jou aan al die verskillende teksture van elke ding. Maar die belangrikste is dat jy begin leer oor verhoudinge: verantwoordelikheid, versorging, liefde. Jy ervaar dit met jou Skepper; jy beoefen dit met die res van alles wat geskape is. Daardie eerste Sabbat kon nie vir Adam en Eva 'n passiewe ervaring gewees het nie. Dit was vir hulle 'n God-geskape geleentheid om op hulle Skepper, en alles wat Hy gemaak het, te fokus. Dit was inderdaad vir hulle 'n tyd waarin hulle verwonderd gestaan het.

Maak 'n lysie van die verskillende opvoedings-geleenthede wat Adam en Eva gedurende daardie eerste Sabbat gehad het. Sou van daardie geleenthede vandag nog relevant wees, al is dit in 'n verskillende vorm? Hoe kan dit ons Sabbatte verryk?

Maandag

14 Desember

Tyd vir herontdekking

Toe Moses gevra is om die Israeliete uit Egipte te lei, was dit reeds duidelik dat die volk hulle perspektief as kinders van God verloor het. Dit was belangrik dat hulle weer moes ontdek wie die God is wat hulle aanbidding waardig is, en wat hulle so baie beloftes vir ‘n wonderlike toekoms gegee het. Die Sabbat is ‘n kern-leerervaring op hulle reis na herontdekking. Dit het ook ‘n duidelike teken vir ander nasies geword om die spesiale verhouding tussen hulle en God uit te beeld. Die ondervinding wat hulle met die manna gehad het, was ‘n toonbeeld van die wyse waarop God die Israeliete wou opvoed.

Watter lesse, soos ons sien in Eksodus 16:14–29, moes die Israeliete leer?

_____

_____

God voorsien die manna aan die Israeliete deur ‘n wonderwerk, slegs voldoende voedsel vir elke dag. Indien Hy hulle meer gegee het as wat nodig was, sou hulle dalk kon vergeet wie hulle voorsiener was. Dus het Hy elke dag ‘n wonderwerk vir hulle laat gebeur, en hulle het op hierdie wyse God se versorging gesien. Maar op die Sabbat het dinge anders gewerk, juis omdat die dag so spesiaal was. Daar het nou twee wonderwerke plaasgevind: dubbel die hoeveelheid voedsel op ‘n Vrydag, en die kos het nie oornag sleg geword nie. Dit het die Israeliete vry gelaat om hulle op die Sabbat in God te verheerlik; Hy wat hulle verlosser sou wees, en sodat hulle kon herontdek wat die betekenis daarvan is om die volk van God te wees.

Die Israeliete het hierdie manna 40 jaar lank geëet *(Eks. 16:35)*. Moses is ook deur God opdrag gegee om ‘n kruik met ‘n omer vol manna (2 liter) eenkant te hou om die Israelite gedurig daaraan te herinner hoe Hy hulle in die wildernes gevoed het *(Eks. 16:32, 33)*. Dit sou ook veral ‘n herinnering wees aan ‘n baie spesifieke ondervinding op die Sabbatdag.

Daar was ook ander geleenthede waar God dit aan die Israeliete duidelik gemaak het dat die Sabbat baie spesiaal was. Die Sabbat was ‘n manier waarop God die Israeliete gehelp het om hulle identiteit en hulle God te herontdek. Hulle is gevra om gehoorsaam aan die Sabbat te wees en dit heilig te hou, maar dit het plaasgevind in die konteks van die ontwikkeling van ‘n dieper begrip van hulle Skepper se karakter, en om op ‘n ewigdurende verhouding van hierdie beloftes te bou.

Jy praat met ‘n tiener wat die Sabbat “vervelig” vind. Hy hou dit slegs heilig omdat die Bybel dit vereis, en wat sy ouers sê hy moet doen. Watter voorstelle sal jy maak om hom te help om die Sabbat te (her)ontdek as ‘n positiewe leerervaring?

Dinsdag

15 Desember

Tyd om te leer prioritiseer

Die hoogte- en laagtepunte van Israel se ondervinding met God was nou verbind met die wyse waarop hulle die Sabbat beskou het. God het hulle onwilligheid om die Sabbat te respekteer as 'n teken van Sy ontoepaslikheid in hulle lewens beskou *(Jer. 17:19–27)*. 'n Hernude toewyding tot die Sabbat was ook deel van 'n herstel- 'n teken dat hulle prioriteite reg was. In Jesaja 58 lees ons van 'n interessante kontras.

Lees Jesaja 58:1–14. Wat sê God hier vir Sy volk wat ook vandag op ons van toepassing is?

_____

_____

_____

_____

_____

Die Israeliete tree op soos volgelinge van God- in hulle aanbidding, in hulle vas- maar die wyse waarop hulle hul lewens gelei het nadat hulle aanbid het, het maar net getoon dat hulle die korrekte gedrag openbaar, maar sonder enige opregte hartstoewyding aan die wet van God. In hoofstuk 58 gaan Jesaja voort om dit uit te stippel wat God van Sy volk verwag. Maar dis nie al nie. Lees ook Jesaja 58:13, 14. Waarom fokus God op die Sabbat aan die einde van hierdie hoofstuk? Die profeet gebruik dieselfde frases hier wat hy ook in die res van die hoofstuk gebruik het, deur 'n aantal waarskuwings te rig: eer dit "deur nie jou gewone gang te gaan nie"; doen "nie jou sake op my heilige dag nie"; soek "nie geleentheid vir jou sake" nie; moenie "ydele taal spreek nie." Met ander woorde, die Sabbat is nie 'n dag waar jy slegs deur die roetine van aanbidding gaan nie, maar dan jou eie gedagtes koester en 'n lewe lei wat irrelevant tot 'n lewe van aanbidding is. Die Sabbat behoort 'n "verlustiging" en "verhewe" dag te wees. In die konteks van die res van die hoofstuk is die Sabbat iets waarin jy meer oor die karakter en doelstellings van God kan leer in 'n gees van blye onderrig en opvoeding. Dan moet daardie karaktereienskappe en doelstellings in ons verhoudinge met ander uitgeleef word. Om kennis daarvan te dra oor die wyse waarop die Sabbat onderhou en aanbid moet word, is egter onvoldoende. Onderrig moet 'n invloed op die lewe hê. Die Sabbat is 'n tyd om te leer en om jou prioriteite uit te leef.

Verheug jy jou in die Sabbat? Indien nie, wat kan jy doen om dit te verander? Het jy al geleer om die Sabbat te "eerbiedig"? Bespreek die moontlike betekenisse hiervan met jou klas. Praat oor praktiese voorbeelde.

Woensdag

16 Desember

Tyd om balans te handhaaf

Jesus het die wet van God eerbiedig en dit onderhou *(Mat. 5:17, 18)*. En tog het Jesus ook die godsdienstige leiers uitgedaag oor hulle interpretasie van die wet. Geen van Sy uitdagings aan die owerhede was meer konfronterend as die keuses wat Hy gemaak het oor Sabbatsonderhouding nie. Die sinagoge het nie daarin gefaal om die Sabbat 'n dag van onderrig te maak nie- die Torah is weekliks met groot sukses gelees en uitgelê. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het elke letter van die wet geken. Maar Jesus het dit verder gevoer in Sy onderwysing van Sy volgelinge op die Sabbatdag.

Lees Matteus 12:1–13 en Lukas 13:10–17. Wat het Jesus Sy tydsgenote geleer, en ons ook vandag, met hierdie gebeure?

_____

_____

_____

Die twispunte rondom Jesus se genesing op die Sabbat het aanleiding gegee tot belangrike geestelike debatte oor die aard van sonde, die rede vir die Sabbat, die verhouding tussen Jesus en die Vader, en die wese van Jesus se gesag. Jesus se houding jeens die Sabbat word mooi opgesom in ons geheueteks van hierdie week: "En Hy sê vir hulle: 'Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat'" *(Mark. 2:27, 28)*. Hy wou dit benadruk dat die Sabbat nie 'n las moet wees nie. Dis "gemaak" (geskape) as 'n unieke geleentheid vir mense om meer te leer oor die karakter van God wat die Sabbat gemaak het, en ook om ervaring op te doen deur te leer oor God se skepping en dit te waardeer.

Deur vrae te laat ontstaan deur Sy optrede, dwing Jesus Sy dissiples, die Joodse leiers, en die skares om dieper oor die Skrif te dink en oor wat hulle geloof in God in elk geval beteken. Dis so maklik vir enigeen van ons om verstrengel te raak in reëls en voorskrifte, wat nie noodwendig op sigself sleg is nie, maar wat dan uiteindelik die doel self word, terwyl ons einddoel eintlik 'n kennis van God en Sy karakter, die Een wat ons dien, behoort te wees. En hierdie sal dan uiteindelik daartoe aanleiding gee tot 'n getroue gehoorsaamheid aan Hom, gebou op ons vertroue in die verdienste van Christus se geregtigheid vir ons.

Hoe staan sake met jou eie Sabbatsonderhouding? Het jy dit verander in 'n dag van moets en moenies, eerder as 'n tyd om waarlik in die Here te rus en om Hom beter te leer ken? As dit so is, hoe kan jy dit verander sodat jy meer daaruit kan put soos wat God dit vir jou bestem het?

Donderdag *17 Desember*

‘n Tyd vir gemeenskap

Jesus het aan Sy disspels getoon hoe om die weeklikse bywoning van die sinagoge te beoefen. Na Sy opstanding het hulle hierdie gewoonte voortgesit saam met die ander volgelinge van Jesus. Die sinagoge het een van die hoofplekke geword waar die apostels vrae geopper het oor die opstanding en die Sabbat. Die was ‘n sleutelpunt waar die gemeenskap bymekaar kon kom en meer leer. Jesus was immers die Hebreeuse Messias, die Messias wat in die Ou Testament voorspel is. En dit was Hy wat elke Sabbat in die sinagoge gelees het. Was daar ooit ‘n beter plek as die sinagoge waar gelowiges Jesus kon verkondig, veral aangesien hulle aan die Jode, en ander “wat God vrees”, getuig het *(Hand. 13:16, 26)*?

Kyk na die volgende teksverse. Wat vertel dit ons oor hoe Jesus se volgelinge in openbare plekke getuig het? Terwyl jy hierdie verse lees, dink oor die plekke waar hulle getuig het, met wie hulle gepraat het, wat gesê is, en wat die gevolge daarvan was. Handelinge 13:14–45; Hand. 16:13, 14; Hand. 17:1–5; Hand. 18:4.

Die apostels se getuienis was beide persoonlik en skriftuurlik. Paulus het uitgebrei op die geskiedenis van Israel en begin met “ons vaders” *(Hand. 13:17)* in Egipte, en volg hulle geskiedenis vanaf die begin tot by die rigters, die konings, en tot by Dawid, vanwaar hy ‘n perfekte oorgang na Jesus maak. Paulus en die ander wys ook hoe hulle persoonlike ondervindinge en begrip daarvan sin maak in die konteks van die Skrif. Hulle bied eers inligting aan, en dan debatteer en bespreek hulle dit. Die vervlegting van persoonlike getuienis en Skriftuur wat deur prediking verkondig word, deur onderrig geleer en bespreek word, is uiters kragtig. Soos die Bybelgedeeltes aantoon, was sommige van die godsdienstige leiers afgunstig op die gesag van die apostels en die gevolglike invloed wat hulle op die mense, beide die Jode en heidene, gehad het.

Die Sewendedag-Adventistekerk het ook ‘n sterk geskiedenis om getuienislewering en die uitleg van die Skrif aan te moedig deur beide prediking en onderwysing. Die kombinasie van Sabbatskool en die erediens (prediking), en ander byeenkomste op Sabbatte (jeugvergaderings, byvoorbeeld), bied ‘n sterk formele opvoedkundige basis vir Sewendedag-Adventiste aanbidding. Terwyl hierdie aktiwiteite gekombineer moet word met ander leerervaringe, is dit noodsaaklik vir die opvoedkundige ondervinding van die Sabbat.

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, "Die Sabbat", pp. 281–289, in *Die Koning van die Eeue*. "Geen ander instelling aan die Jode gegee, het hulle so volkome onderskei van die nasies rondom hulle soos die Sabbat nie. Dit was Gods doel dat die viering van die Sabbat hulle sou aanwys as diegene wat Hom aanbid het. Dit sou die teken wees van hulle verwydering van afgodediens, en van hulle verbintenis met die ware God. Maar om die Sabbat te kan heilig moet die mense self heilig wees. Deur die geloof moet hulle die geregtigheid van Christus deelagtig word. Toe die gebod aan Israel gegee is, "Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig," het die Here ook aan hulle gesê , "Julle moet vir My heilige mense wees." Eks. 20: 8; 22: 31. Alleen op hierdie wyse sou die Sabbat Israel onderskei as die aanbidders van God."—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue,* p. 283. "Die Sabbat is die teken van Christus se krag om ons heilig te maak . . . As teken van Sy heiligmakende krag is die Sabbat gegee aan almal wat deur Christus deel word van die Israel van God."—*Die Koning van die Eeue*, pp. 288, 289.

Vrae vir bespreking:

1. Sewendedag-Adventiste staan dikwels baie tyd daaraan af om te bepaal wat aanvaarbaar is of nie om op die Sabbat te doen. Probeer om 'n paar vrae saam te stel wat Sabbatsonderhouers gefokus sal hou op die ideale wat hierdie week in die les bespreek is, en kyk na daardie dinge wat die Sabbat as 'n opvoedingsgeleentheid benadruk. Byvoorbeeld: "Wat doen ek op Sabbatte wat my in staat sal stel om meer oor God se karakter te leer?"

2. Dink weer oor die aanhaling van Ellen G. White hierbo. Dit gaan van die standpunt uit dat die formele onderhouding van die Sabbat nie die enigste ding is wat mense in die gemeenskap onderskei nie. Hoe sal individue lyk wat "deelgenote is van die geregtigheid van Christus" en "heilig" gemaak is? Wat het al hierdie dinge met die Sabbat te make?

3. Is daar maniere waarop jy jou Sabbatsondervinding kan verryk? Kies drie doelwitte wat fokus op dit wat jy graag sou wou leer deur die Sabbat vir die volgende 12 maande te onderhou?